

Lêerno.: 27/R
Verwysing: 20231205-423

Inrigtingsontwikkeling-en-koördineringsminuut: 0004/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders en Prinsipale

Onderwerp: Verkiesing van nuwe lede vir die Provinsiale Prinsipalsforum (PPF) in Januarie 2024

1. Die Provinsiale Prinsipalsforum (PPF) bespreek aangeleenthede van gemeenskaplike belang tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en verteenwoordigende prinsipale om die gehalte van leer en onderrig by skole onder beskerming van die WKOD, te verbeter.
2. Die tweejaartermyn van die huidige distriks- en provinsiale verteenwoordigers sal aan die einde van 2023 verstryk. Die WKOD wil graag al die lede wat gedurende die huidige termyn gedien het, vir hul uitnemende leierskap bedank, asook die bydraes wat hulle gelewer het tot die oorhoofse doel om vennootskappe vir onderwyservorming te ontwikkel en gehalteonderrig te verbeter. Die forums was die spilpunt van opbouende interaksie op kring-, distriks- en provinsiale vlak.
3. Distrikte en skole word daaraan herinner dat kringe en distrikte aan die begin van 2024 nuwe voorsitters en ondervoorsitters by vergaderings van hul kringprinsipalsforum (KPF) en distriksprinsipalsforum (DPF) moet verkies vir die nuwe tweejaartermyn wat aan die einde van 2025 sal verstryk. Wanneer benoemings aanvaar word om op die DPF en PPF te dien, moet lede dit doen met dien verstande dat hulle hulself daartoe verbind om alle vergaderings oor die tweejaartydperk by te woon.
 - 3.1 Een van die twee verkose KPF- en DPF-lede moet van 'n laerskool wees en die ander van 'n hoërskool.
 - 3.2 Kringe en distrikte moet 'n gesamentlike poging aanwend om seker te maak dat prinsipale wat nog nie voorheen op die DPF en die PPF gedien het nie, die geleentheid kry om dit te doen. Op hierdie wyse vergroot dit alle prinsipale se kapasiteit vir die volhoubare verbetering van leer, en om aan die behoefte vir uitgebreide professionele ontwikkeling regoor die provinsie te voldoen.

- 3.3 Diversiteit binne die DPF en PPF sal 'n stimulerende, professionele leeromgewing moontlik maak en die forums word aangemoedig om stappe te doen om te verseker dat geslagte gelyke verteenwoordiging op die forums geniet.
4. Bylae A verskaf die raamwerk om leiding aan distrikte en nuwe lede van die forum te bied.

GETEKEN: AJE MEYER

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRICHTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING

DATUM: 2023-12-06